

Illustrasie 57: Paul Kruger in Europa, 1 Augustus 1901. Bron: Nationaal Archief, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 1180.

Die laaste hoofstuk: ŉ *histoire diplomatique* deur Leyds.[107]

Die generaals se wens was dat dit in verskillende lande en tale moes verskyn. Engelenburg het gemeen dat die boek goed sou verkoop indien vooraf reklame gemaak word. Die geld wat daarmee verdien word, sou goed aangewend kon word.[108] Die plan het egter gou verkrummel as gevolg van, volgens Leyds, die kleingeestigheid van Kruger en De Wet. Hulle albei het besluit om hulle eie boeke te publiseer sonder om die ander betrokkenes daaroor in te lig. Kruger het besluit om sy memoires aan sy persoonlike sekretaris te dikteer. Omdat die oudpresident se geheue nie meer so helder was nie, was Leyds bevrees dat die boek niks meer sou wees as ŉ versameling anekdotes nie, terwyl dit ŉ monumentale stuk geskiedenis kon geword het. Leyds het Kruger se familie daarvan beskuldig dat hulle die ou man uitgebuit het. In hulle sug na profyt het hulle alle regte aan ŉ Duitse uitgewer verkoop wat volkome beheer verkry het oor die inhoud van die boek. De Wet se boek, daarenteen, is in Nederlands, Frans, Duits, Russies en Engels vertaal. Dié boek was so gewild dat dit selfs in Brittanje goed verkoop het. In Nederland het nie minder nie as 23 uitgawes verskyn.[109]

**Die laaste paar maande in Europa voor Engelenburg se terugkeer na Suid-Afrika**

Drie maande ná die vredesluiting het Engelenburg na Duitsland gegaan en aan die finansiële instansies waar hy die ZAR se geld namens Leyds belê het, opdrag gegee om die geld beskikbaar te stel. Hy het gedurende dié tyd ook na Düsseldorf gegaan om na ŉ setmasjien vir *De Volksstem* te gaan kyk.[110] Op 4 Augustus 1902 het hy aan Leyds ŉ tjek gestuur vir die geld wat hy in Duitsland belê het, plus die rente wat daarop verdien is.[111] Op 6 Augustus het Leyds ontvangs daarvan erken. Die bedrag was ƒ653 164,25 (1 350 711,90 Belgiese frank).[112] Die res van die geld wat op belegging was, het Engelenburg op 2 en 7 Januarie 1903 in Utrecht aan Leyds oorhandig. Op 7 Januarie 1903 het Leyds ŉ verklaring uitgereik dat die geld wat hy in Hamburg aan Engelenburg toevertrou het, met rente terugontvang is.

---

107 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Brussel – W.J. Leyds, 06.08.1902.
108 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Brussel – W.J. Leyds, 06.08.1902.
109 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 28.08.1902.
110 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 25.08.1902.
111 NASA, Pretoria, LA, vol. 368, deel II, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 04.08.1902.
112 NASA, Pretoria, LA, vol. 368, deel II, W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 06.08.1902.

> Dr. Engelenburg heeft geen renumeratie in verband met deze transactie verlangd noch ontvangen. Voor welke bewaring en beheering, bij dezen door mij aan Dr. Engelenburg voornoemd volledige décharge wordt verleendt.[113]

Ná die vredesluiting het Brittanje geen amptelike aankondigings uitgereik dat die republieke opgehou bestaan het en as kolonies by die Britse Ryk ingelyf is nie. Leyds wou weet wanneer hy as gesant die aankondiging moes maak. Hy het geen opdrag ontvang om dit te doen nie en het ook geen amptelike mededeling daaromtrent van sy regering ontvang nie. Leyds het in Brussel aangebly tot tyd en wyl al die sake afgehandel was, waarna hy die huur van die gesant se kantore en sy woonplek opgesê het.[114] Hy het daarna na Utrecht verhuis om hom by sy gesin aan te sluit. Engelenburg was nog in Brussel woonagtig en het aangebied om die Yost-tikmasjien wat Leyds vir die kantoor in Brussel aangekoop het, oor te neem

> ... en zal zoodoende een souvernir hebben aan mijn Brusselse werkzaamheid.[115]

Hy het dr. Leyds gewaarsku om voorbereid daarop te wees dat ŉ geskinder gaan plaasvind oor die groot somme geld wat laasgenoemde in één bank gedeponeer het. Hy het gemeen dat Nederland ŉ baie klein land was en elkeen hom met ander se sake bemoei het. Aangesien Leyds se sake en die finansiële sy daarvan in ŉ mate openbare eiendom was, was die kans groot dat dit gou bekend sou word dat Leyds opnuut uit groot bedrae ryk geword en die geld in ŉ Utrechtse bank opgestapel het.

> Gesteld al dat de heeren V en K. hun monden houden – *quod est demonstrandum* – dan zwijgen mischien hunne klerken niet.

Leyds moes daarop voorbereid wees dat die storting van so ŉ groot bedrag by die Utrechtse bankiersfirmatjie *sou* uitlek.[116]

---

113 NASA, Pretoria, LA, vol. 368, deel II, W.J. Leyds, Utrecht, Januarie 1903.

114 NASA, Pretoria, LA, vol. 253, deel IV, Amptelike brief aan Canneel, Snethlage en Pierson, 12.11.1902.

115 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Brussel – W.J. Leyds, Utrecht, 12.09.1902.

116 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Amsterdam – W.J. Leyds, 30.12.1902.

The Classic Typewriter Page

**Yost**



Illustrasie 58: ’n Soortgelyke Yost tikmasjien het Engelenburg as ’n aandenking vir homself gehou.

Aan die einde van die oorlog was daar ŉ bedrag van ongeveer *ƒ*2 miljoen in die fonds. Gedurende die onderhandelinge tussen die Boeregeneraals en die Britse regering met betrekking tot die toepassing van die Vrede van Vereeniging, wat plaasgevind het ŉ paar maande nadat dit onderteken is, het Chamberlain by verskeie geleenthede geëis dat die geld aan die Britse owerheid oorhandig word.[117] Louis Botha wou ingee, maar Leyds het volgehou dat die fonds nie geval het onder die voorwaardes van die Vredesverdrag nie omdat dit na hom oorgeplaas is vóór die Boere-oorgawe. Hy het dus geweier om die geld te oorhandig.[118] In die tussentyd was Leyds bereid om op te tree as ŉ trustee vir ŉ komitee van prominente Afrikaners wat sou besluit oor projekte wat met die geld befonds moes word, op die voorwaarde dat die Britse regering nie enige seggenskap het in hoe dit bestee word nie.[119]

Op 28 Augustus 1902 het Engelenburg uit Brussel aan Leyds, wat in daardie stadium in Groningen was weens die afsterwe van sy skoonsuster, geskryf dat hy en Vorstman daardie aand na Londen sou vertrek om Wallach te groet en vir hom laaste instruksies te gee voordat hy na Suid-Afrika vertrek. Wallach het ŉ permit bekom en kon teruggaan. Engelenburg was haastig om ook terug te keer en was vol hoop dat Wallach, sodra hy in Pretoria aangekom het, ŉ permit vir hom sou kon bewerkstellig.[120] Die berigte uit Pretoria wat Engelenburg in verband met die *De Volksstem*-gebou ontvang het, was onbevredigend. Hy was bekommerd oor die feit dat die Britse gesag in Pretoria geweier het om ŉ huurkontrak te erken wat hy nog met die ZAR-regering aangegaan het en waarop sy kantore gebou was. As dit nodig was, wou hy met die saak na die hooggeregshof gaan.[121]

Terwyl Engelenburg gewag het vir toestemming om na Suid-Afrika terug te keer, het hy ongeveer vyf maande nadat vrede tussen die Republieke en Brittanje gesluit is, in November 1902 na Nijmegen in Nederland gegaan waar sy twaalfjarige halfbroer, Frits, by familie

117 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 1183, H. Bertram, Koloniale kantoor, Londen – L. Botha, 23.10.1902; A.D. Elliot, Koloniale kantoor, Londen – L. Botha, 13.11.1902; A.D. Elliot, Koloniale kantoor, Londen – L. Botha, 16.11.1902; en A.D. Elliot, Koloniale kantoor, Londen – L. Botha, 02.12.1902.

118 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 1182, W.J. Leyds – L. Botha, 08.12.1902.

119 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 1182, W.J. Leyds – L. Botha, 08.12.1902.

120 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Brussel – W.J. Leyds, Groningen, 28.08.1902.

121 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Brussel – W.J. Leyds, 25.12.1902.

tuisgegaan het. Frits se moeder, Christina, het borskanker gehad en het by haar familie gewoon. Christina en Engelenburg se vader was van tafel en bed geskei en sy vader was toe al lank betrokke by die weduwee Gouda Vermandel. Engelenburg het van sy halfbroer se bestaan geweet, maar het hom nog nie ontmoet nie. Toe klein Frits van die skool kom, is hy ingewag deur ŉ deftige man met ŉ hoë hoed "die mijn broer Frans bleek te zijn". Die toppunt van die pret was dat hy saam met sy broer na ŉ deftige restaurant vir middagete kon gaan. Vir die eerste keer het Frits ervaar dat daar mense was wat kans gesien het om, op een glas wyn na, waaraan Frits versigtig geteug het, ŉ héle fles wyn te drink.[122] Ná die ete het hulle vir ŉ wandeling deur Nijmegen gegaan waar Engelenburg as kind vir ŉ paar jaar gewoon het. Hulle het ook na Engelenburg se ou skool gegaan en by die klaskamers ingekyk, wat vir die ouer broer in die tussentyd véél kleiner geword het as wat hy onthou het. Frits kon onthou dat hy daarna altyd, wanneer hy Engelenburg te sien gekry het, met ontsag na sy broer opgekyk het, wat byna 30 jaar ouer as hy was.[123]

Ses maande ná Engelenburg se besoek aan Frits het die seun se moeder, Christina Vos, op 17 Mei 1903 op 38-jarige ouderdom gesterf. Die laaste maand van haar lewe het sy in die rivierdorp Veen by verlangse familie van haar vader deurgebring. Die voogdyskap oor Frits Vredenrijk Engelenburg het daarna by sy vader berus. Christina is in Veen by die kerk begrawe. Vir die graf het haar vervreemde man *ƒ*50 aan die kerk betaal, wat hy weer van die boedel teruggeëis het. Die plat grafsteen lê vlak langs die kerktoring aan die suidekant van die kerk.[124]

Engelenburg het ná sy besoek aan Frits na Brussel teruggekeer. Hy het die huur van sy woonplek in die Rue Capouillet, waar hy die voorafgaande maande gewoon het, eers opgesê en daarna tydelik by Rue Berckmans no. 66 ŉ kamer gehuur voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het. Teen daardie tyd was al die kantore wat Leyds as gesant gedurende die oorlog gebruik het, ook al ontruim. Hy het vir Leyds geskryf dat dit maar stil was in Brussel wanneer hy verby die geslote

122 Jeugherinneringe van Frits Engelenburg, halfbroer van F.V. Engelenburg. Frits het as spreker opgetree op ŉ funksie van die NZAV, Afdeling 's-Gravenhage, om 20:00 uur op Dinsdag 21 Maart 1967 in die restaurant De Kroon, Spuistraat 10, 's-Gravenhage – Afskrif van lesing bekom van Frits se dogter, Hedwig Engelenburg-Van Son, Den Haag.

123 Jeugherinneringe van Frits Engelenburg.

124 LBPA: Onderhoud mnr. Joop Vos, Sondag 21 Oktober 2007 in Veen, Nederland. Mnr. Vos is ŉ familielid van Christina Vos en was ten tyde van die onderhoud woonagtig in Breda, Nederland.




Illustrasie 59: Frits Engelenburg, sy vader F.V.T. Engelenburg en aanstaande stiefmoeder, Gouda Vermandel. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.

huise in die Rues de Livourne en De Florence gestap het en waar elke stukkie Transvaalse nasionaliteit geleidelik uitgeblus is.[125] Intussen het Engelenburg verneem dat sy vader siek was, en hy het eers na Amsterdam gereis om uit te vind hoe dit met hom gaan. Hy wou egter nie in persoonlike kontak met sy vader kom nie, omdat al die emosies skadelik vir die ou man kon wees. Hy en sy vader se verhouding met mekaar was steeds stram na laasgenoemde se egskeiding van Engelenburg se moeder jare tevore. In Amsterdam het Engelenburg in die Bible-Hotel in Amsterdam tuisgegaan, wat gespog het met ŉ hysbak en elektriese krag.[126] Hy kon eers in Januarie 1903 daarin slaag om na Suid-Afrika terug te keer.

**Samevatting**

Engelenburg het nie in Europa ŉ prominente rol gespeel nie, grootliks omdat hy veronderstel was om hom by aankoms in Londen te gaan aanmeld. Omdat hy besluit het om die Britte se opdrag te verontagsaam, moes hy ŉ lae profiel in Europa handhaaf. Daarom dat hy ook nie na Brussel gegaan het om vir Leyds in die gesantskantoor by te staan nie. Die gevolg was dat hy tydens die oorlog ŉ randfiguur was met alle aanduidings dat hy ŉ besonder hoë lewe gelei het. Hy het in Lissabon in een van die beste buurte gewoon en hom besig gehou met lees en skryfwerk. Engelenburg het wel veel gedoen om Suid-Afrika se saak in Portugal en die res van Europa te bevorder. Hy het as korrespondent vir die *Nieuw Rotterdammer Courant* opgetree en het deur middel van dié blad die Boere se saak gestel. Hy het ook die Boeregeïnterneerdes se lot help verlig en veral belanggestel in die welsyn van die kinders wat saam met hulle ouers aangehou is. ŉ Paar maande voor die einde van die oorlog het hy wel na Brussel gegaan om vir Leyds in te staan wanneer laasgenoemde uitstedig moes wees. Eers ŉ paar maande ná die vredesluiting kon Engelenburg daarin slaag om na sy aangenome vaderland, Suid-Afrika, terug te keer.

---

125 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Brussel – W.J. Leyds, 25.12.1902.

126 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Amsterdam – W.J. Leyds, 30.12.1902.